AGRIBEL
HOLDINGS LTD

# Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering 2026



LEAVING NEW FOOTPRINTS

# AGRIBEL BEHEREND BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer: 1996/017629/06)

Geagte Aandeelhouer

**KENNISGEWING VAN PUBLIKASIE VAN GEÏNTEGREERDE VERSLAG, FINANSIËLE JAARSTATE EN KENNISGEWING VAN 2026 ALGEMENE JAARVERGADERING ("AJV")**

Vind asseblief hierby aangeheg die kennisgewing van die algemene jaarvergadering van Agribel Beherend Beperk ("**Agribel**"), soos voorsien in die Maatskappywet Nr. 71 van 2008, soos gewysig ("**die Wet**") en die AVO wat gehou sal word op Vrydag, 28 Augustus 2026 om 11:00 te Senwes Hoofkantoor sowel as op 'n elektroniese basis.

Ooreenkomstig artikel 31(1) van die Wet word u hiermee in kennis gestel dat die Agribel geïntegreerde verslag 2026 en volledige finansiële jaarstate op die Senwes-webtuiste beskikbaar sal wees (www.senwes.com) vanaf 28 Julie 2026. Indien u 'n gedrukte kopie van die Agribel geïntegreerde verslag of die finansiële jaarstate wil ontvang, kan u dit by die geregistreerde kantoor van Agribel Holdings Beperk, by Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571, verkry of by die Senwes Sekretariaat (e-pos: claudi.smit@senwes.co.za).

Die direksie is verantwoordelik vir hierdie kennisgewing van die AJV en hulle het hulself vergewis van die wesentlikheid, akkuraatheid en ewewigtigheid van openbaarmakings in hierdie kennisgewing. Die resultate van die AJV sal so spoedig moontlik na die vergadering aangekondig word.



**Alwyn Scholtz**

**Maatskappysekretaris:**
**Agribel Beherend Beperk**

**28 Julie 2026**

**SKAKEL IN OP DIE MICROSOFT TEAMS- SKAKEL WAT PER APARTE E-POS GESTUUR SAL WORD OM DIE AJV BY TE WOON VERWYS OOK NA DIE AJV GIDS VIR VIRTUELE DEELNAME**

**Hierdie dokument is belangrik en vereis u onmiddellike aandag**

*Die definisies en interpretasies op bladsy 3 van hierdie kennisgewing is, tensy die konteks 'n ander bedoeling aandui, van toepassing dwarsdeur hierdie dokument, insluitend hierdie voorblad.*

---

# Kennisgewing van 2026 Algemene Jaarvergadering

---

# AGRIBEL BEHEREND BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer: 1996/017629/06)
("**Agribel**")

---

| BELANGRIKE DATUMS VIR ALLE AANDEELHOUERS: | 2026 |
|---|---|
| REKORDDATUM VIR ONTVANGS VAN KENNISGEWING VAN VERGADERING | 28 Julie |
| LAASTE DATUM VIR VERHANDELING (DIVIDEND) | 27 Augustus om 16:00 |
| REKORDDATUM VIR FINALE DIVIDEND | 27 Augustus om 16:00 |
| INDIEN VAN VOLMAGTE (AFSNYDATUM) | 27 Augustus voor 12:00 |
| REKORDDATUM VIR DIE BYWONING, DEELNAME EN STEMMING BY DIE ALGEMENE JAARVERGADERING | 27 Augustus om 16:00 |
| REKORDDATUM VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING | 28 Augustus om 11:00 |
| DIVIDEND BETAALDATUM | 4 September |

**KENNIS WORD HIERMEE GEGEE dat die 2026 algemene jaarvergadering van aandeelhouers van die Maatskappy wat in persoon of by wyse van elektroniese deelname gehou word op Vrydag, 28 Augustus 2026 om 11:00 by die Senwes Hoofkantoor te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 sowel as elektronies om die sake hieronder aangedui te hanteer.**

**PERSOONLIKE BYWONING:**

Aandeelhouers kan die vergadering in persoon bywoon.

Aandeelhouers kan ook voor die vergadering by wyse van 'n volmag stem.

**ELEKTRONIESE BYWONING:**

'n Teams-skakel sal aan elke aandeelhouer gestuur word voor die AJV om elektroniese deelname te fasiliteer.

Indien u die AJV wil bywoon en daaraan wil deelneem en nie die Teams-skakel ontvang het nie, kontak die Maatskappysekretaris onverwyld.

**VOLMAG**

Indien u wil deelneem aan die AJV maar voor die vergadering vir die voorgestelde besluite wil stem, kan ‘n volmag teen nie later nie as Donderdag 27 Augustus 2026 om 12:00, by die Maatskappysekretaris ingedien word by Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 of per e-pos by: claudi.smit@senwes.co.za.

**AGENDA**

**1. Aanbieding van die finansiële jaarstate en verslae**

Die geouditeerde finansiële jaarstate van Agribel Beherend Beperk, insluitend ‘n opsomming van die verslae van die direkteure en ouditkomitee vir die jaar geëindig 30 April 2026, is saam met hierdie dokument beskikbaar. Die volledige finansiële jaarstate is op Senwes se webtuiste by www.senwes.com beskikbaar.

**2. Aanbieding van verslag van die Sosiale en Etiekkomitee**

Die verslag van die Sosiale en Etiekkomitee vir die jaar geëindig 30 April 2026 is beskikbaar op aanvraag by die Agribel geregistreerde kantoorby Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571, of op versoek per e-pos vanaf die Maatskappysekretaris van Agribel Beherend Beperk by: alwyn@scholtzatt.co.za.

**3. Gewone besluite**

Aandeelhouers word versoek om 7 (sewe) gewone besluite te aanvaar wat te make het met: i) die aanstelling van die ouditeure, ii) aanstelling van die lede van die Ouditkomitee, iii) die bevestiging van die lede van die Sosiale en Etiekkomitee, iv) die bevestiging van die finale dividend, v) die bevestiging van die spesiale dividend, vi) goedkeuring van die Vergoedingsbeleid, en vii) goedkeuring van die Vergoedingsverslag.

Gewone besluite vereis die goedkeuring van meer as 50% (vyftig persent) van die stemreg uitgeoefen ten opsigte van elke besluit.

Verkorte CV’s van die lede van die Ouditkomitee en Sosiale en Etiekkomitee wat staan vir verkiesing word uiteengesit op bladsy 4 tot 6 van hierdie kennisgewing.

**4. Spesiale besluite**

Aandeelhouers word versoek om 3 (drie) spesiale besluite te aanvaar wat te make het met: i) algemene magtiging om aandele uit te reik en toe te ken, ii) magtiging aan die Maatskappy of ‘n filiaal van die Maatskappy om die aandele van die Maatskappy te verkry, en iii) goedkeuring van die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure.

Spesiale besluite vereis die goedkeuring van 66% (ses en sestig persent) van die stemregte wat ten opsigte van elke besluit uitgeoefen word.

In ooreenstemming met artikels 59(1)(a) en (b) van die Wet, is die rekorddatum vir die bepaling van die aandeelhouers van die Maatskappy geregtig om die kennisgewing van algemene jaarvergadering te ontvang (dit is die datum waarop ‘n aandeelhouer geregistreer moet wees in die Maatskappy se register van aandeelhouers om kennisgewing van die algemene jaarvergadering te ontvang), Dinsdag, 28 Julie 2026.

Die laaste dag van verhandeling in Agribel-aandele en die rekorddatum vir ‘n aandeelhouer om op die Maatskappy se register van aandeelhouers geregistreer te wees om geregtig te wees om die algemene jaarvergadering by te woon, deel te neem en te stem is Donderdag, 27 Augustus 2026 om 16:00.

**BESKIKBAARHEID VAN DIE VERKORTE GEÏNTEGREERDE VERSLAG, GEOUDITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE EN VERSLAG VAN DIE SOSIALE EN ETIEKKOMITEE:**

Afskrifte van die geïntegreerde verslag en geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2026, kan verkry word vanaf die geregistreerde kantoor van die Maatskappy, Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571, gedurende normale kantoorure vanaf Dinsdag, 28 Julie 2026, of kan besigtig word op Senwes se webtuiste: www.senwes.com.

Afskrifte van die verslag van die Sosiale en Etiekkomitee vir die jaar geëindig 30 April 2026 kan vanaf Dinsdag, 28 Julie 2026 verkry word gedurende normale kantoorure vanaf die geregistreerde kantoor van die Maatskappy, Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571, of op versoek per e-pos vanaf die Maatskappysekretaris van Agribel Beherend Beperk by alwyn@scholtzatt.co.za.

**BELANGRIKE DEFINISIES:**

Aandeelhouers word in kennis gestel dat die volgende woorde in hierdie kennisgewing die volgende betekenisse het:

| | |
|---|---|
| ***Aandeelhouers:*** | Die geregistreerde aandeelhouers of lede van die Maatskappy soos van tyd tot tyd in die Maatskappy se register van aandeelhouers weergegee. |
| ***Agribel:*** | Agribel Beherend Beperk, registrasienommer 1996/017629/06. |
| ***Akte van Oprigting of AVO:*** | Akte van Oprigting van die Maatskappy. |
| ***Direksie of Raad:*** | Die direksie van die Maatskappy. |
| ***Maatskappy:*** | Agribel Beherend Beperk. |
| ***Rekorddatum:*** | Die datum waarop aandeelhouers wat as sodanig in die Maatskappy se register van aandeelhouers geregistreer is, geregtig is om kennis van die vergadering te ontvang en/of om aan die vergadering deel te neem en om te stem vir die resolusies wat ter tafel gelê is of om ‘n dividend te ontvang. |
| ***Senwes:*** | Senwes Beperk, registrasienommer 1997/005336/06. |
| ***Wet:*** | Maatskappywet, Wet 71 van 2008, soos gewysig, insluitend alle skedules en regulasies daartoe. |

## A. VOORLEGGING VAN DIREKSIEVERSLAG EN FINANSIËLE JAARSTATE SOOS ONDERSTEUN DEUR DIE OUDITKOMITEEVERSLAG

Om aan die vergadering voor te lê:

- die direksieverslag en geouditeerde finansiële jaarstate van die Maatskappy vir die tydperk geëindig 30 April 2026*; en
- die Ouditkomiteeverslag,

soos goedgekeur deur die Direksie.

(* ’n Afskrif van die volledige jaarverslag vir die vorige finansiële jaar is beskikbaar op Senwes se webtuiste of op versoek by die Senwes Sekretariaat (Claudi Smit) by die Maatskappy se geregistreerde kantoor.)

## B. GEWONE BESLUITE

Om die volgende 7 (sewe) gewone besluite te oorweeg en, indien goedgekeur, sodanige besluite met of sonder wysiging te aanvaar:

### 1. Gewone besluit nr. 1: Aanstelling van ouditeur

**Besluit dat:**

Die heraanstelling van PricewaterhouseCoopers (PwC), soos genomineer deur die Maatskappy se Ouditkomitee, as onafhanklike eksterne ouditeur van die Maatskappy goedgekeur word om hierdie posisie te beklee tot die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy.

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir gewone besluit nr. 1 is dat die Maatskappy se ouditeure jaarliks ingevolge die Wet by die AJV aangestel of heraangestel moet word. Die aangewese ouditvennoot is Mnr. Pieter Vermeulen.*

### 2. Gewone besluit nr. 2: Aanstelling van die Ouditkomitee

**Besluit dat:**

**1 Gewone besluit nr. 2.1**

Mnr. NDP (Nico) Liebenberg aangestel word as lid van die Agribel Ouditkomitee tot die Maatskappy se volgende algemene jaarvergadering.

**2 Gewone besluit nr. 2.2**

Mnr. JDM (Danie) Minnaar aangestel word as lid van die Agribel Ouditkomitee tot die Maatskappy se volgende algemene jaarvergadering.

**3 Gewone besluit nr. 2.3**

Mnr. JJ (Jaco) Minnaar aangestel word as lid van die Agribel Ouditkomitee tot die Maatskappy se volgende algemene jaarvergadering.

***Rede en gevolg:***

*Die Direksie beveel aan dat die Ouditkomitee uit die volgende 3 (drie) nie-uitvoerende direkteure bestaan:*

***2.1 NDP (Nico) Liebenberg***

*B.Com. (Hons) Meestersgraad in Volhoubare Landbou.*

*Nico boer in die Bothaville-distrik sedert einde 1991 en het ‘n gediversifiseerde boerdery-eenheid tot stand gebring wat bestaan uit droëland graan, beeste en groente onder besproeiing. Die groente-eenheid het ontwikkel in ‘n belangrike nasionale verskaffer van, onder andere, wortels en waardetoegevoegde wortelprodukte vir ‘n groot voedselkleinhandelaar.*

*Nico is tans die voorsitter van Agribel en direkteur van Senwes, asook ‘n lid van Senwes se Nominasiekomitee en Beleggingskomitee en voorsitter van die Senwes Vergoedingskomitee.*

| | |
|---|---|
| ***2.2 JDM (Danie) Minnaar*** | *B.Com.*<br><br>*Danie boer sedert 1988 in die Kroonstad-distrik en is vir baie jare reeds deel van die landbousektor. Hy is 'n voormalige voorsitter van die Vrystaat Landbou-unie Jongboerkomitee, was betrokke by die implementering en bevordering van graanbemarking op Safex en het gedien as trustee van die Mielietrust en direkteur van SAGIS.*<br><br>*Danie is 'n direkteur van Agribel en tans voorsitter van Senwes, voorsitter van Senwes se Nominasiekomitee en lid van die Senwes Beleggingskomitee. As voorsitter van Senwes is hy ook 'n ex officio-lid van alle ander direksiekomitees van Senwes.* |
| ***2.3 JJ (Jaco) Minnaar*** | *B.Ing. Landbou.*<br><br>*Jaco is sedert 2000 betrokke by verskeie georganiseerde landbou-bestuurstrukture. Hy was lid van die uitvoerende bestuur van Vrystaat Landbou en Graan SA, waar hy as voorsitter gedien het. Hy het ook gedien as president van AgriSA vanaf 2021 tot 2025. Hy is ook tans die ondervoorsitter van Agribel, 'n lid van Senwes se Vergoeding- en Ouditkomitees en voorsitter van die Risikokomitee.* |

**3. Gewone besluit nr. 3: Aanstelling van Sosiale en Etiekkomitee**

**Besluit dat:**

Ondergenoemde persone aangestel word as lede van die Maatskappy se Sosiale en Etiekkomitee ingevolge Artikel 72 van die Wet.

| ***Name** (in alfabetiese orde)* | ***Kwalifikasies*** |
|---|---|
| ***JDM (Danie) Minnaar*** | *B.Com.*<br>*Danie boer sedert 1988 in die Kroonstad-distrik en is vir baie jare reeds deel van die landbousektor. Hy is 'n voormalige voorsitter van die Vrystaat Landbou-unie Jongboerkomitee, was betrokke by die implementering en bevordering van graanbemarking op Safex en het gedien as trustee van die Mielietrust en direkteur van SAGIS.*<br><br>*Danie is 'n direkteur van Agribel en direkteur en tans voorsitter van Senwes, voorsitter van Senwes se Nominasiekomitee en lid van die Senwes Beleggingskomitee. As voorsitter van Senwes is hy ook 'n ex officio-lid van alle ander direksiekomitees van Senwes.* |
| ***AE (Alwyn) Scholtz*** | *B.Com LLB.*<br>*Alwyn is 'n praktiserende prokureur wat sy professionele loopbaan in 1995 begin het. Hy tree sedert September 2010 op as Maatskappy-sekretaris van Agribel.* |
| ***WH (Thabo) van Zyl*** | *B.Sc. Agric (Landbou-ekonomie).*<br>*Thabo dien op die raad van Bothaville Meule (nou Thuso Meule) sedert 2001. Hy het verder uitgebreide boerdery- en sakebedrywighede in die Wesselsbron- en Bothaville-areas. Hy was ook instrumenteel in die stigting van Telwiedre Voere in Bothaville. Thabo is 'n direkteur van Senwes, lid van die Risiko-, Vergoeding- en Sosiale en Etiekkomitees van Senwes.* |

| | |
|---|---|
| ***JJ (Hansie) Viljoen*** | *B.Agric.*<br>*Hansie was die voorsitter van Suidwes vir baie jare en is ‘n gerespekteerde besigheidsman en boer in die Leeudoringstad-gebied. Hy dien ook op die Senwes direksie. Hy is 'n lid van die Risiko- Sosiale en Etiekkomitees van Senwes.* |

***Rede en gevolg:***

*Ingevolge die bepalings van regulasie 43 van die Wet, moet die Maatskappy ‘n Sosiale en Etiekkomitee hê. Die direksie beveel aan dat die komitee moet bestaan uit die 4 (vier) lede soos hierbo uiteengesit.*

**4. Gewone besluit nr. 4: Bekragtiging van finale dividend**

**Besluit dat:**

Die aanbeveling deur die Direksie dat, onderhewig aan die vereistes soos gestel deur die Akte van Oprigting en die Wet, ’n finale dividend van 45 sent per aandeel verklaar word, word bekragtig en goed gekeur.

***Rede en gevolg:***

*Ingevolge klousule 19.1 van die Akte van Oprigtig is die direksie, onderhewig aan die vereistes soos gestel deur die Akte van Oprigting en die Wet, by magte om uitkerings te verklaar. Klousule 19.5 van die Akte van Oprigting bepaal dat die algemene jaarvergadering nie ‘n groter uitkering mag verklaar as die uitkering wat deur die Direksie aanbeveel is nie, maar die Maatskappy is by magte om ’n kleiner uitkering by wyse van ’n Algemene Vergadering te verklaar. Die direksie het ‘n finale dividend van 45 sent per aandeel op 3 Julie 2026 verklaar.*

*(Dividende, minus dividendbelasting, indien van toepassing, sal om en by 4 September 2026 aan aandeelhouers uitbetaal word wat as sulks op die Rekorddatum van 27 Augustus 2026 geregistreer is).*

**5. Gewone besluit nr. 5: Bekragtiging van spesiale dividend**

**Besluit dat:**

Die aanbeveling deur die Direksie dat, onderhewig aan die vereistes soos gestel deur die Akte van Oprigting en die Wet, ’n spesiale dividend van 35 sent per aandeel verklaar word, word bekragtig en goed gekeur.

***Rede en gevolg:***

*Ingevolge klousule 19.1 van die Akte van Oprigtig is die direksie, onderhewig aan die vereistes soos gestel deur die Akte van Oprigting en die Wet, by magte is om uitkerings te verklaar. Klousule 19.5 van die Akte van Oprigting bepaal dat die algemene jaarvergadering nie ‘n groter uitkering mag verklaar as die uitkering wat deur die Direksie aanbeveel is nie, maar die Maatskappy is by magte om ’n kleiner uitkering by wyse van ’n Algemene Vergadering te verklaar.*

*(Dividende, minus dividendbelasting, indien van toepassing, sal om en by 4 September 2026 aan aandeelhouers uitbetaal word wat as sulks op die Rekorddatum van 27 Augustus 2026 geregistreer is).*

**6. Gewone besluit nr. 6: Goedkeuring van Vergoedingsbeleid**

**Besluit dat:**

Die Vergoedingsbeleid aangeheg as **Bylaag A** tot hierdie Algemene Jaarvergadering Kennisgewing goedgekeur word.

***Rede en gevolg:***

*In terme van artikel 30A van die Wet moet alle publieke maatskappye 'n Vergoedingsbeleid opstel, wat deur middel van 'n gewone besluit by hul jaarvergadering goedgekeur moet word.*

*Sodra dit goedgekeur is, is die Vergoedingsbeleid (die "**Beleid**") vir 3 (drie) jaar geldig, waarna dit weer vir goedkeuring voorgelê moet word. Indien die Beleid gedurende die 3-jaar (driejaar) periode gewysig word, sal die gewysigde Beleid aan aandeelhouers by 'n algemene vergadering of die volgende jaarvergadering voorgelê moet word vir goedkeuring sodat enige wesenlike wysigings van krag kan word.*

*Indien die Beleid nie by 'n algemene jaarvergadering goedgekeur word nie, moet dit by die volgende algemene jaarvergadering voorgelê word vir goedkeuring (of 'n aandeelhouersvergadering wat spesifiek vir hierdie doel belê is).*

**7. Gewone besluit nr. 7: Goedkeuring van Vergoedingsverslag**

**Besluit dat:**

Die Vergoedingsverslag aangeheg as **Bylaag B** tot hierdie Algemene Jaarvergadering Kennisgewing goedgekeur word.

***Rede en gevolg:***

*Elke jaar moet alle publieke maatskappye 'n Vergoedingsverslag voorberei en aanbied (wat uiteensit hoe dit die goedgekeurde Vergoedingsbeleid geïmplementeer het) by hul algemene jaarvergadering vir goedkeuring deur middel van 'n gewone besluit.*

*Indien die Vergoedingsverslag nie by die algemene jaarvergadering ("**eerste instansie**") goedgekeur word nie, moet die verantwoordelike komitee (in die geval van Agribel, die Auditkomitee) by die volgende algemene jaarvergadering 'n verduideliking gee oor die wyse waarop aandeelhouer-bekommernisse in ag geneem is, en die nie-uitvoerende direkteure wat op die komitee dien, moet by dieselfde algemene jaarvergadering waar die verduideliking gegee word, weer as lede van die komitee staan.*

*Indien die Vergoedingsverslag vir die vorige finansiële jaar nie by die volgende algemene jaarvergadering ("**tweede instansie**") goedgekeur word nie, mag die nie-uitvoerende direkteure wat op die komitee gedien het wat die vergoedingsaanbevelings aan die raad gemaak het, voortgaan om op die raad te dien as hulle suksesvol herverkies word. Hulle sal egter vir 'n tydperk van 2 (twee) jaar daarna nie mag dien op enige komitee wat aanbevelings aan die raad oor vergoeding maak nie.*

## C. SPESIALE BESLUITE

Om die volgende 3 (drie) spesiale besluite te oorweeg en, indien goedgekeur, sodanige besluite met of sonder wysiging te aanvaar:

**1. Spesiale besluit nr. 1: Algemene magtiging om aandele uit te reik en toe te ken**

**Besluit dat:**

As staande en algemene magtiging ingevolge Artikel 41 van die Wet en soos beoog in klousules 6.3 en 6.4 van die Akte van Oprigting, word en is die Maatskappy se gemagtigde maar onuitgereikte aandelekapitaal, soos op die datum van hierdie besluit, hiermee onder die beheer van die direkteure van die Maatskappy geplaas tot die volgende algemene jaarvergadering, om sodanige gewone aandele aan sodanige persoon (persone) en op sodanige bepalings en voorwaardes toe te ken en uit te reik soos wat

die direkteure in hul eie uitsluitlike diskresie kan bepaal; met dien verstande dat hierdie magtiging die uitreiking van gewone aandele, sekuriteite, opsies of regte wat daaraan verbonde is aan enige direkteure, voorgeskrewe beamptes of persone verwant of tussenverwant aan die Maatskappy, of 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die Maatskappy, soos beoog in Artikel 41(1) van die Wet, insluit.

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir hierdie spesiale besluit is dat die Akte van Oprigting vereis dat aandeelhouers magtiging aan die Direksie verleen om aandele uit te reik. Die Wet vereis dat aandeelhouers magtiging verleen wanneer aandele aan direkteure en/of voorgeskrewe beamptes en/of verwante partye uitgereik gaan word.*

*Die magtiging word vereis om die Direksie in staat te stel om in 'n posisie te wees om uitvoering te gee aan die Maatskappy se strategieë ten opsigte van die behoud en uitbreiding van sy belang in Senwes en ander landbouverwante entiteite en om aandele aan bestaande aandeelhouers uit te reik ten einde verdere kapitaal te verkry.*

*Die magtiging sal ook die Direksie toelaat om aan aandeelhouers die opsie te gee om aandele in plaas van 'n kontantdividend te ontvang indien die Direksie sou besluit om 'n skripdividend aan aandeelhouers aan te bied en om sodanige aandele aan die aandeelhouers uit te reik wat die keuse uitoefen om 'n skripdividend te ontvang.*

2. **Spesiale besluit nr. 2: Magtiging aan die Maatskappy of 'n filiaal van die Maatskappy om die aandele van die Maatskappy te verkry**

**Besluit dat:**

Die aandeelhouers van die Maatskappy magtig hiermee, deur middel van 'n algemene magtiging en vir 'n enkele of 'n reeks transaksies, die volgende:

a) Die verkryging van enige van sy aandele deur die Maatskappy of enige filiaal van die Maatskappy, hetsy deur middel van 'n enkele transaksie of 'n reeks transaksies, insluitend vanaf 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die Maatskappy, of 'n persoon verwant aan 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die Maatskappy; en

b) die verkryging van en/of oordrag aan die Maatskappy van enige van sy aandele wat deur enige van sy filiale ooreenkomstig (a) hierbo aangekoop is,

teen sodanige oorweging en op sodanige voorwaardes en in die hoeveelhede wat van tyd tot tyd deur die direkteure van die Maatskappy of sy filiale bepaal word, maar onderworpe aan die bepalings van die Wet, die noteringsvereistes van 'n effektebeurs waarop die Maatskappy se aandele genoteer is (indien van toepassing) en onderhewig aan sodanige ander voorwaardes as wat deur enige ander owerheid verlang mag word, met dien verstande dat:

i. Die magtiging slegs geldig sal wees tot en met die datum van die Maatskappy se volgende algemene jaarvergadering;

ii. Die algemene magtiging om aandele in die Maatskappy ooreenkomstig (a) hierbo in enige 1 (een) finansiële jaar te koop, sal beperk word tot 'n maksimum van 5% (vyf persent) van die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal van daardie klas op die datum waarop die magtiging toegestaan is;

iii. Die direksie van die Maatskappy besluit het (a) om die verkryging van aandele in die Maatskappy te magtig, (b) dat die Maatskappy die solvensie- en likiditeitstoets soos beoog in die Wet geslaag het, en (c) dat geen wesenlike verandering plaasgevind het in die finansiële posisie van die Maatskappy en sy filiale ("die groep") sedert die toepassing van die solvensie- en likiditeitstoets nie;

iv. Die Maatskappy of sy filiale mag nie enige aandele gedurende ‘n geslote tydperk vir die verhandeling van aandele bekom nie, tensy ‘n terugkoopprogram ingestel is waarin die datums en aantal aandele wat gedurende die betrokke tydperk verhandel mag word, bepaal is en waarvan omvattende besonderhede van die program deur middel van ‘n aankondiging aan die algemene publiek en aandeelhouers bekendgemaak is.

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir en gevolg van spesiale besluit nr. 2 is om algemene magtiging te verleen ingevolge die Akte van Oprigting en die Wet aan die Maatskappy of enige van die filiale van die Maatskappy, om hulle in staat te stel om aandele uitgereik deur die Maatskappy te verkry, insluitend die opeenvolgende verkryging of oordrag aan die Maatskappy van aandele verkry deur sy filiale op hierdie wyse asook aandele verkry vanaf lede van die direksie of persone verwant aan die lede van die direksie.*

**3. Spesiale besluit nr. 3: Goedkeuring van die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure**

**Besluit dat:**

Ingevolge Artikel 66(9) van die Wet moet betaling van vergoeding vir dienste deur nie-uitvoerende direkteure van Agribel goedgekeur word vir die tydperk 1 September 2026 tot 31 Augustus 2027 soos uiteengesit in die onderstaande tabel:

| KATEGORIE | Voorgestelde Vergoeding 2026 - 2027 |
|---|---|
| **Raadslede** | |
| Voorsitter (*per jaar*) | R515,473 |
| Ondervoorsitter (*per jaar*) | R303,104 |
| Direkteure (*per jaar*) | R210,490 |
| Spesiale projekte (*per dag*) | R3,907 |
| | |
| **Komitee voorsitters** (*per jaar*): | |
| Ouditkomitee | R31,009 |
| Sosiale en Etiekkomitee | R15,503 |
| | |
| **Lede van Komitees** (*per jaar*): | |
| Lede van Ouditkomitee | R15,519 |
| Lede van Sosiale en Etiekkomitee | R7,758 |
| | |
| **Reiskoste**: Heersende AA-tariewe. | Die heersende AA-tariewe vir instandhoudingskoste per km plus die brandstofkoste per km (aangepas soos die petrolprys elke maand verander), gebaseer op die AA-tabelle vir 'n voertuig op ‘n > 4 000 cc-vlak. |
| **Reis- en verblyfkoste**: | Werklike uitgawes geëis. |

Bogenoemde bedrae sluit nie BTW in nie en BTW sal bygevoeg word indien van toepassing.

***Rede en gevolg:***

*In ooreenstemming met die bepalings van klousule 32 van die AVO, is ‘n nie-uitvoerende direkteur geregtig op die vergoeding soos bepaal deur die Maatskappy van tyd tot tyd by ‘n algemene vergadering. Artikel 66 (9) van die Wet vereis dat vergoeding goedgekeur word deur middel van ‘n spesiale besluit deur aandeelhouers en die vergoeding word dus vir oorweging ter tafel gelê.*

*Die voorgestelde vergoeding behels 'n 4% verhoging op die vergoeding wat vir die vorige jaar goedgekeur was.*

*Reis en verblyf uitgawes word betaal gebaseer op werklike koste aangegaan gebaseer op die beleid soos hierbo uiteengesit en nie as 'n toelaag nie.*

*Die effek van spesiale besluit nr. 3, indien aanvaar, is dat die Maatskappy sy nie-uitvoerende direkteure sal kan betaal vir die dienste wat hulle aan die Maatskappy lewer as direkteure tot die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy.*

*Besonderhede van die vergoeding betaal vir die jaar geëindig 30 April 2026 is beskikbaar in die geïntegreerde verslag (verwys na www.senwes.com)* asook die Vergoedingsverslag hierby aangeheg.

## D. VERKIESING VAN DIREKTEURE

Ingevolge die Akte van Oprigting moet Mnre. JJ (Jaco) Minnaar, WH (Thabo) van Zyl en JJ (Hansie) Viljoen ooreenkomstig die rotasiebeleid by hierdie vergadering uittree. Mnre. JJ (Jaco) Minnaar, WH (Thabo) van Zyl en JJ (Hansie) Viljoen het aangedui dat hulle beskikbaar is vir herverkiesing.

Ingevolge klousule 29.6 van die Akte van Oprigting is daar nominasies vir die aanstelling van 'n direkteure op 27 Maart 2026 van die lede aangevra. Slegs 3 (drie) kandidate is behoorlik deur die lede genomineer vir die vakature, naamlik Mnre. JJ (Jaco) Minnaar, WH (Thabo) van Zyl en JJ (Hansie) Viljoen.

Die genomineerdes is derhalwe aangestel as direkteure sonder dat dit nodig was om nog 'n aandeelhouersvergadering te hou om direkteure aan te stel om die vakatures te vul.

Die verkorte curriculum vitae van Mnr. Minnaar is soos volg:

**JJ (Jaco) Minnaar**

| | |
|---|---|
| **Volle Name en Van:** | Jacobus Johannes Minnaar |
| **Besigheidsadres:** | Botesrust, Posbus 322, Hennenman, 9445 |
| **Geboortedatum:** | 2 September 1976 |
| **Diensjare:** | Direkteur sedert Augustus 2011 |
| **Kwalifikasies:** | B.Ing. Landbou (UP) 1998 |
| **Beroep:** | Jaco boer in die Hennenman omgewing sedert 1999.<br>Jaco het gedien op verskeie georganiseerde landbou-bestuurstrukture sedert 2000 wat onder andere ingesluit het deelname as 'n lid van die uitvoerende komitee van Vrystaat Landbou vanaf 2004 tot 2011, deel van Graan SA se bestuurspan vanaf 2011 tot 2020. Jaco was verder voorsitter van Graan SA en president van Agri SA.<br>Hy is ook 'n direkteur van Senwes, ondervoorsitter van Agribel, 'n lid van Senwes se Vergoeding- en Ouditkomitees en voorsitter van die Risikokomitee. |

Die verkorte curriculum vitae van Mnr. van Zyl is soos volg:

**WH (Thabo) van Zyl**

| | |
|---|---|
| **Volle Name en Van:** | Wilhelmus Hendrikus van Zyl |
| **Besigheidsadres:** | Visagieskuil, Posbus 166, Wesselsbron, 9680 |
| **Geboortedatum:** | 12 Desember 1974 |
| **Diensjare:** | Direkteur sedert Augustus 2012 |
| **Kwalifikasies:** | B.Sc Agric (Landbou-ekonomie) |
| **Beroep:** | Thabo matrikuleer in 1992 aan die Hoërskool Sandveld in Wesselsbron, waar hy sy skoolloopbaan as onderhoofseun afsluit. Daarna het hy in 1997 'n B.Sc Agric-graad in Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria (TUKS) verwerf.<br><br>Thabo boer in die Bothaville omgewing sedert 1998. Hy dien ook verder op die raad van Thuso Meule vanaf 2001 en is betrokke by voer vervaardiging. Hy het uitgebreide boerdery- en sakeondernemings in die Wesselsbron- en Bothaville gebiede.<br><br>Hy is 'n mentor van die Thobo Trust-projek by Senwes se Losdoorns-silo. Hy is ook 'n direkteur van Senwes, lid van die Risiko- Vergoeding en Sosiale en Etiekkomitees van Senwes. |

Die verkorte curriculum vitae van mnr. Viljoen is soos volg:

**JJ (Hansie) Viljoen**

| | |
|---|---|
| **Volle Name en Van:** | Johannes Jurgens Viljoen |
| **Besigheidsadres:** | Plaas Rusfontein, Leeudoringstad, 2640 |
| **Geboortedatum:** | 18 Jaunarie 1963 |
| **Diensjare:** | Direkteur sedert Oktober 2020 |
| **Kwalifikasies:** | B.Agric |
| **Beroep:** | Mnr. Viljoen boer op die Plaas Rusfontein, Leeudoringstad saam met sy seuns en het verskeie toekennings verwerf as top boer.<br><br>Mnr. Viljoen was die voorsitter van Suidwes vir baie jare en is 'n gerespekteerde besigheidsman en boer in die Leeudoringstad gebied.<br><br>Hy is ook 'n direkteur van Senwes en 'n lid van die Risiko- en Sosiale en Etiekkomitees. |

**STEMMING BY DIE ALGEMENE JAARVERGADERING**

- Die AJV sal geheel en al deur elektroniese kommunikasie (insluitend stemming by die AJV) soos beoog in artikel 63(2)(a) van die Maatskappywet gedoen word. Die prosedure vir deelname deur elektroniese kommunikasie word hieronder uiteengesit.

- As deel van die registrasieproses sal jy versoek word om bewys van identifikasie (d.w.s. identiteitsdokument, rybewys of paspoort) en magtiging om dit te doen (waar jy in 'n verteenwoordigende hoedanigheid optree) op te laai, asook om besonderhede te verskaf, soos jou naam, van, e-posadres, kontaknommer en aantal Agribel-aandele wat gehou word.

- Die elektroniese kommunikasie wat gebruik word, sal alle persone wat aan die AJV deelneem in staat stel om gelyktydig met mekaar te kommunikeer sonder 'n tussenganger en om effektief aan die AJV deel te neem. Stemming sal moontlik wees via elektroniese kommunikasie. Sodra die AJV begin het, sal deelnemers via die stemplatform kan stem.

- Hoewel stemmery tydens die AJV via die elektroniese platform toegelaat sal word, word aandeelhouers aangemoedig om stemme per volmag voor die AJV in te dien.

- Aandeelhouers word verder aangemoedig om enige vrae aan die Maatskappysekretaris per e-pos aan alwyn@scholtzatt.co.za nie later as 16:00 op Donderdag, 27 Augustus 2026 voor te lê. Daar sal ook tydens die AJV 'n vraagfasiliteit op die virtuele platform beskikbaar wees.

- Aandeelhouers sal aanspreeklik wees vir die koste wat hulle aangaan om die AJV by te woon. Aandeelhouers sal ook alleen verantwoordelik wees om te verseker dat hulle ononderbroke toegang tot die AJV het. Nóg Agribel, nóg sy diensverskaffers sal aanspreeklik gehou word in die geval van verlies aan netwerkverbinding; netwerkfout as gevolg van onvoldoende lugtyd / internetverbinding / kragonderbrekings of iets soortgelyks wat aandeelhouers sal verhoed om die AJV by te woon, deel te neem en/of te stem.

- Agribel kan nie waarborg dat daar nie 'n onderbreking in elektroniese kommunikasie sal wees wat buite die beheer van die Maatskappy is nie.

In opdrag van die direksie van die Maatskappy.



***AE Scholtz***
**MAATSKAPPYSEKRETARIS** ***Tel nr. 076 212 1776***

**Klerksdorp**
**28 Julie 2026**

## OPSOMMING VAN REGTE VERVAT IN ARTIKEL 58 VAN DIE WET

Nieteenstaande die inhoud van die notas hierin vervat, moet aandeelhouers kennis neem van die bepalings van artikel 58 van die Wet. Ingevolge artikel 58 van die Wet:

- Kan 'n aandeelhouer van 'n maatskappy op enige tydstip en ooreenkomstig die bepalings van artikel 58 van die Wet, enige individu (insluitende 'n individu wat nie 'n aandeelhouer is nie) as gevolmagtigde aanstel om namens die aandeelhouer deel te neem aan, en te praat en te stem by, 'n aandeelhouersvergadering;
- kan 'n gevolmagtigde sy of haar gesag om namens die aandeelhouer op te tree aan 'n ander persoon delegeer, behoudens enige beperking wat uiteengesit word in die instrument wat die gevolmagtigde aanstel (sien nota 10 tot die Volmagvorm);
- ongeag die formaat van die instrument wat gebruik word om 'n gevolmagtigde aan te stel, word die aanstelling van 'n gevolmagtigde op enige tydstip opgeskort en in die mate wat die tersaaklike aandeelhouer kies om direk en persoonlik in die uitoefening van enige sodanige regte as aandeelhouer op te tree (sien nota 4 tot die Volmagvorm);
- is die aanstelling van 'n gevolmagtigde deur 'n aandeelhouer herroepbaar, tensy die vorm van die instrument wat gebruik is om sodanige gevolmagtigde aan te stel anders aandui;
- indien die aanstelling herroepbaar is, kan 'n aandeelhouer die aanstelling van 'n gevolmagtigde herroep deur (i) dit skriftelik te kanselleer, of 'n later strydige nominasie van 'n gevolmagtigde te maak; en (ii) 'n kopie van die herroepings instrument aan die gevolmagtigde en aan die maatskappy te lewer;
- 'n gevolmagtigde wat deur 'n aandeelhouer aangestel is, is daarop geregtig om enige stemreg van die aandeelhouer uit te oefen, of buite stemming te bly, sonder opdrag, buiten in die mate wat die tersaaklike maatskappy se Akte van Oprigting, of die instrument wat die gevolmagtigde aanstel, anders bepaal (sien nota 2 tot die Volmagvorm);
- indien die instrument waarin 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes aangestel word, deur 'n aandeelhouer aan 'n maatskappy gelewer is, dan, en vir so lank as wat daardie aanstelling van krag bly, moet enige kennisgewing wat ingevolge hierdie Wet of sodanige maatskappy se Akte van Oprigting deur die maatskappy aan die aandeelhouer gelewer moet word, deur die maatskappy gelewer word aan –
    - die tersaaklike aandeelhouer; of
    - die gevolmagtigde of gevolmagtigdes, indien die aandeelhouer: (i) die maatskappy skriftelik opdrag gegee het om dit te doen; en (ii) enige redelike geld betaal het wat deur die maatskappy gehef word om dit te doen; en
- indien 'n maatskappy 'n uitnodiging aan aandeelhouers rig om 1 (een) of meer persone aan te stel wat deur die maatskappy as 'n gevolmagtigde genomineer is, of 'n vorm van instrument verskaf:
    - moet die uitnodiging na die vergadering waarop die volmag uitgeoefen kan word, aan elke aandeelhouer gestuur word wat geregtig is op kennisgewing van die vergadering;
    - moet die uitnodiging of vorm van instrument wat deur die maatskappy verskaf word:
        - 'n redelike prominente opsomming van die regte wat deur artikel 58 van die Wet bepaal word, bevat;
        - voldoende oop ruimte bevat onmiddellik voor die naam of name van enige persoon/persone wat daarin genoem word sodat 'n aandeelhouer die naam, en indien hy/sy wil, 'n alternatiewe naam van 'n gevolmagtigde kan neerskryf wat deur die aandeelhouer gekies word; en
        - voldoende ruimte vir die aandeelhouer laat om aan te dui of die aangestelde gevolmagtigde ten gunste van of teen enige besluit(e) moet stem wat aan die vergadering gestel gaan word, of buite stemming moet bly;
    - moet die maatskappy nie vereis dat die aanstelling van 'n gevolmagtigde onherroeplik gemaak moet word nie; en
    - die aanstelling van 'n gevolmagtigde slegs geldig bly tot aan die einde van die vergadering waarop dit beoog was om gebruik te word.

# AGRIBEL BEHEREND BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1996/017629/06)

## VOLMAGVORM: 2026 ALGEMENE JAARVERGADERING

*Tensy dit anders gestipuleer word of duidelik blyk uit die samehang, sal alle begrippe met hoofletters in die volmagvorm die betekenisse hê wat daaraan toegeskryf is in die kennisgewing waaraan hierdie volmagvorm aangeheg is.*

**Vir gebruik deur aandeelhouers by die algemene jaarvergadering.** **Lees asseblief die opsomming en notas agterop hierdie volmagvorm.**

Ek/Ons (volle naam in drukskrif ) ______________________________

van (adres) ______________________________

Identiteit-/registrasie nr. ______________________ Aandeelhouers / Senwes klant nr.: ______________

Sel nr. ______________ E-pos adres: ______________________________

1. ______________________________, of indien nie hy nie,
2. ______________________________, of indien nie hy nie,
3. die voorsitter van die algemene jaarvergadering,

as my/ons gevolmagtigde om vir my/ons op te tree by die algemene jaarvergadering ten einde die besluite wat daar, en by enige verdaging of uitstel daarvan, voorgestel word te oorweeg en, sou dit geskik geag word, aan te neem en om die stemme uit te bring ten opsigte van al die aandele wat in my/ons naam/name geregistreer is, soos volg (dui met 'n "X" aan wat van toepassing is):

| | TEN GUNSTE VAN BESLUIT | TEEN BESLUIT | BLY BUITE STEMMING |
|---|---|---|---|
| **Gewone besluite** | | | |
| 1 Gewone besluit nr. 1: Aanstelling van Ouditeur | | | |
| 2 Gewone besluit nr. 2: Aanstelling van die Ouditkomitee: | | | |
| 2.1 Gewone besluit nr. 2.1: Mnr. NDP Liebenberg | | | |
| 2.2 Gewone besluit nr. 2.2: Mnr. JDM Minnaar | | | |
| 2.3 Gewone besluit nr. 2.3: Mnr. JJ Minnaar | | | |
| 3 Aanstelling van Sosiale en Etiekkomitee: | | | |
| 3.1 Gewone besluit nr. 3.1: Mnr. JDM Minnaar | | | |
| 3.2 Gewone besluit nr. 3.2: Mnr. AE Scholtz | | | |
| 3.3 Gewone besluit nr. 3.3: Mnr. WH van Zyl | | | |
| 3.4 Gewone besluit nr. 3.4: Mnr. JJ Viljoen | | | |
| 4 Gewone besluit nr. 4: Bekragtiging van finale dividend | | | |
| 5 Gewone besluit nr. 5: Bekragtiging van spesiale dividend | | | |
| 6 Gewone besluit nr. 6: Goedkeuring van Vergoedingsbeleid | | | |
| 7 Gewone besluit nr. 7: Goedkeuring van Vergoedingsverslag | | | |
| **Spesiale besluite** | | | |
| 1 Spesiale besluit nr. 1: Algemene magtiging om aandele uit te reik en toe te ken | | | |
| 2 Spesiale besluit nr. 2: Magtiging aan die Maatskappy of 'n filiaal van die Maatskappy om die aandele van die Maatskappy te verkry | | | |
| 3 Spesiale besluit nr. 3: Goedkeuring van die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure | | | |

*(Dui opdrag aan gevolmagtigde aan by wyse van 'n kruisie in die blokkie wat hierbo voorsien is.)*

Geteken te ______________________ op ______________________ 2026.

______________________
Handtekening(e) (*sien nota 6*)

______________________
Name van ondertekenaar(s) (*volle name in drukskrif*)

Faks asb. na: ***086 680 3124*** ***of***
E-pos aan: claudi.smit@senwes.co.za

______________________
Bygestaan deur (sien nota 8) (*volle naam en hoedanigheid*)

## NOTAS TOT DIE VOLMAGVORM

1. ‘n Lid is geregtig om die name van 2 (twee) alternatiewe gevolmagtigdes van die lid se keuse in die toepaslike ruimte op die keersy in te vul, met of sonder skrapping van “die voorsitter van die vergadering”, maar enige sodanige skrapping moet deur die lid geparafeer word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm staan, en wat by die algemene vergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree tot die uitsluiting van diegene waarvan die name daarop volg. Indien geen gevolmagtigde se naam in die blanko ruimtes ingevul word nie, sal geag word dat die voorsitter van die vergadering gevolmagtig is om namens die lid op te tree.

2. Na die mate waarin geen stemopdrag deur die lid in die toepaslike ruimte(s) aangedui word nie, sal geag word dat die gevolmagtigde, wat dus ook die voorsitter kan wees, na eie goeddunke mag optree.

3. Enige wysiging of toevoeging tot die volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.

4. Dokumentêre bewys van die magtiging van ‘n persoon wat die volmagvorm in verteenwoordigende hoedanigheid teken, kan vereis word. Aanvaarbare vorms van identifikasie sluit in wettige identiteitsdokumente, bestuurslisensies of paspoorte.

5. ‘n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die betrokke dokumentêre bewyse vir sy/haar bevoegdheid aan die Maatskappy voorgelê is of word.

6. Boedels wat op die stemlys voorkom, mag slegs deur middel van die betrokke eksekuteur/likwidateur/ kurator stem by voorlegging van bewys van aanstelling deur die Meester van die Hooggeregshof. Indien deur middel van ‘n volmag gestem word, moet bogenoemde bewys die volmag vergesel.

7. In die geval van gesamentlike houers van aandele:

   7.1 mag enige 1 (een) van die gesamentlike houers die volmagvorm teken; en

   7.2 sal die stem van die senior gesamentlike houer (vir hierdie doeleindes sal senioriteit bepaal word deur die volgorde waarin die name van die gesamentlike houers in die Maatskappy se register van aandeelhouers aangeteken is) wat ‘n stem aanbied (hetsy in persoon of by wyse van volmag) aanvaar word tot die uitsluiting van die ander gesamentlike houer(s).

8. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm verhoed nie die betrokke lid om die algemene jaarvergadering by te woon, daarop te praat en persoonlik daarop te stem nie tot die uitsluiting van enige gevolmagtigde hieringevolge aangestel, indien sodanige lid aldus verkies is.

9. Volmagvorms moet aan die Maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 (Posbus 31, Klerksdorp, 2570), besorg word nie later as 12:00 op Donderdag, 27 Augustus 2026. Die vorms moet duidelik gemerk wees vir aandag van die Maatskappysekretaris van Agribel vir ontvangs deur die Senwes sekretariaat namens die Maatskappy.

   Volmagvorms kan ook aan die Maatskappysekretaris per faks of e-pos gestuur word na faks nr. 086 680 3124 of e-pos: claudi.smit@senwes.co.za of ingedien word via die Internet voor of op bogemelde datum.

10. Aandeelhouers word verwys na die belangrike bepalings ingevolge artikel 58 van die Wet, wat aandeelhoursregte soos hierbo vervat, verduidelik.

**BYLAAG A**

# AGRIBEL BEHEREND BEPERK VERGOEDINGSBELEID

Agribel Beherend Beperk ("Agribel" of "die Maatskappy") is 'n publieke maatskappy en die houermaatskappy van Senwes Beperk.

Hierdie Vergoedingsbeleid is opgestel vir aandeelhouersgoedkeuring ooreenkomstig die vereistes van artikel 30A van die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig.

## 1. DOEL EN OMVANG

Hierdie beleid sit die beginsels en grondslag uiteen vir die vergoeding van Agribel se direkteure en sy voorgeskrewe beamptes.

Dit is van toepassing op alle direkteure van Agribel en op die Maatskappysekretaris, wat die Maatskappy se enigste voorgeskrewe beampte is.

## 2. MAATSKAPPYKONTEKS

Agribel het geen werknemers nie. Sy vergoedingsreëlings is dus beperk tot direkteursfooie en 'n jaarlikse vaste konsultasiefooi betaalbaar aan die Maatskappysekretaris vir dienste aan die Maatskappy gelewer.

Die direkteure en die Maatskappysekretaris ontvang ook terugbetalings vir goedgekeurde uitgawes, soos reis.

## 3. BESTUUR EN TOESIG

Agribel het nie 'n Vergoedingskomitee nie. Die vergoeding van Agribel se direkteure en die Maatskappysekretaris word jaarliks deur die Agribel-ouditkomitee hersien, wat aanbevelings aan die raad maak vir oorweging en, waar vereis, voorlegging aan aandeelhouers vir goedkeuring.

## 4. VERGOEDINGSBEGINSELS

Agribel het geen uitvoerende direkteure nie, en al sy direkteure is nie-uitvoerende direkteure. Die daaglikse bedrywighede van die Maatskappy word deur die voorsitter, die ondervoorsitter en die Maatskappy-sekretaris bestuur. Alle agterkantoorondersteuning word deur die Senwes-groep verskaf ingevolge 'n diensvlakooreenkoms tussen Agribel en Senwes Beperk.

Agribel se vergoedingsbenadering word gerig deur billikheid, redelikheid, deursigtigheid, bekostigbaarheid en belyning met aandeelhouersbelange.

Die vergoeding van Agribel se direkteure word vergelyk met dié van die Senwes-direkteure, soos bepaal deur die Senwes-vergoedingskomitee, wat jaarliks markvergelykings doen en vergoeding hersien wat deur die Senwes-groep aan personeel, ampsdraers en nie-uitvoerende direkteure betaal word.

Hoewel Agribel tans 68,68% van Senwes se totale uitgereikte aandelekapitaal hou, word die persentasie wat gebruik word om Agribel se nie-uitvoerende direkteursvergoeding te bereken, beperk tot 50% van die vergoeding wat aan Senwes se nie-uitvoerende direkteure betaal word.

Tensy die bogenoemde vergelyking die behoefte aan 'n strukturele aanpassing aandui, is jaarlikse verhogings in direkteursvergoeding en die Maatskappysekretaris se konsultasiefooi tipies inflasieverwant. Die raad kan egter bepaal wanneer bykomende aanpassings geregverdig is.

Agribel het geen bonus-, aandeelgebaseerde, langtermyn-aansporings- of korttermyn-aansporingskema nie. Enige bykomende bonus of spesiale betaling aan die Maatskappysekretaris kan deur die raad op 'n *ad hoc*-grondslag oorweeg word in verband met buitengewone omstandighede en gebeure, insluitend die voltooiing van 'n groot transaksie wat beduidende waarde vir aandeelhouers toevoeg.

Agribel het geen beleid vir die terugvordering van enige fooie wat aan enige direkteure of ampsdraers betaal is nie.

Alhoewel al die Maatskappy se direkteure, hetsy direk of indirek, aandele in Agribel of Senwes hou, word dit nie van direkteure en ampsdraers vereis om enige aandele in die Maatskappy te hou nie.

## 5. VERGOEDING VAN DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die Maatskappysekretaris word 'n jaarlikse konsultasiefooi aan die einde van die jaar betaal vir die uitvoering van die pligte van Maatskappysekretaris en vir die verskaffing van algemene regsadvies aan Agribel. Hierdie dienste sluit in die voorbereiding van alle notules en statutêre dokumente (uitgesluit die finansiële state en geïntegreerde verslag), toesig oor die indiening van alle statutêre verslae, advies oor moontlike transaksies en hul strukture, en die voorbereiding en/of hersiening van alle regsdokumente waarby die Maatskappy 'n party is, asook transaksies waarby die Senwes-groep betrokke is, waar van toepassing op Agribel.

Die Maatskappysekretaris is verder verantwoordelik vir die bestuur van die Agribel-aandeleterugkoopskema, tree op as voorsitter van die Sosiale en Etiekkomitee, en hou toesig oor die proses van die beoordeling van die meriete van aansoeke vir die verkryging of verhoging van aandeelhouding in Agribel ooreenkomstig die kwalifiseringsvereistes soos uiteengesit in die Agribel Akte van Oprigting, asook die goedkeuring van Agribel-aandeleoordragte wat voortspruit uit die bereddering van bestorwe boedels, of boedelbeplanning, ooreenkomstig die bepalings van die Agribel Akte van Oprigting.

Ingevolge Agribel se Akte van Oprigting kom die Maatskappysekretaris nie in aanmerking om aandele in Agribel te hou nie en hou gevolglik tans geen aandele in die Maatskappy nie.

## 6. HUIDIGE VERGOEDINGSTRUKTUUR

Onderhewig aan aandeelhouersgoedkeuring, waar vereis, is die huidige jaarlikse vergoeding betaalbaar aan die direkteure en die Maatskappysekretaris soos volg:

A. **Direkteure:**

Die direkteure word maandeliks op 'n *pro-rata* basis die fooi betaal soos elke jaar deur 'n spesiale besluit van die aandeelhouers by die algemene jaarvergadering goedgekeur.

Die direkteure ontvang geen bonusse of aansporings nie.

B. **Maatskappysekretaris:**

Die Maatskappysekretaris se konsultasiefooi word jaarliks deur die raad oorweeg en goedgekeur, met inagneming van die pligte en take wat deur die Maatskappysekretaris verrig word.

Tensy dit spesifiek deur die raad ooreengekom word, ontvang die Maatskappysekretaris geen bonus of aansporing nie en daar is tans geen vaste bonus of aansporing nie.

## 7. TERUGBETALINGS

Direkteure en die Maatskappysekretaris kan vergoed word vir redelike reis-, verblyf- en ander uit-die-sak-uitgawes wat behoorlik aangegaan is in die uitvoering van hul pligte vir Agribel, ooreenkomstig die huidige AA-tariewe of werklike uitgawes, soos van toepassing, en soos uiteengesit in die goedgekeurde fooistruktuur.

Die reis- en verblyftoelae betaalbaar aan die direkteure is onderhewig aan goedkeuring deur die aandeelhouers by die algemene jaarvergadering deur middel van 'n spesiale besluit.

## 8. BEËINDIGING

Direkteure word nie op enige vaste termynkontrakte aangestel nie en moet uittree volgens die rotasievereistes soos voorgeskryf deur die Maatskappy se Akte van Oprigting en die Wet. Die rotasiebeleid, soos toegepas deur die direksie, het dus tot gevolg dat ‘n direkteur se dienstydperk as ‘n reël nie langer as 3 (drie) jaar duur nie. Direkteure kan hulself egter beskikbaar stel vir herverkiesing, en daar is nie ‘n beperking op die aantal kere wat ’n direkteur herverkies mag word nie.

Die Maatskappysekretaris is ook nie op enige vaste termynkontrak aangestel nie, en sy dienste kan met dertig (30) sakedae skriftelike kennisgewing beëindig word.

Die Akte van Oprigting bepaal nie ’n aftree-ouderdom vir enige direkteur of voorgeskrewe beamptes nie.

## 9. AANDEELHOUERSGOEDKEURING, HERSIENING EN WYSIGINGS

Hierdie Vergoedingsbeleid moet minstens 1 (een) keer elke 3 (drie) jaar, of vroeër indien ’n wesenlike wysiging voorgestel word, by ’n algemene jaarvergadering deur middel van ’n gewone besluit aan aandeelhouers vir goedkeuring voorgelê word. Indien die beleid nie goedgekeur word nie, moet dit weer by die volgende algemene jaarvergadering of by ’n vergadering wat vir daardie doel belê word, voorgelê word.

Die raad, met insette van die Ouditkomitee, sal die beleid jaarliks hersien om te verseker dat dit geskik bly vir Agribel se struktuur, verantwoordelikhede en aandeelhouersbelange.

## 10. IMPLEMENTERING EN OPENBAARMAKING

Sodra dit deur die aandeelhouers goedgekeur is, is die raad verantwoordelik vir die implementering van hierdie beleid.

Vergoeding wat aan direkteure en voorgeskrewe beamptes betaal word, sal in die Maatskappy se finansiële jaarstate en Vergoedingsverslag openbaar gemaak word, ooreenkomstig die Maatskappywet en toepaslike korporatiewe reëls en bestuursvereistes.

# AGRIBEL BEHEREND BEPERK 2026 VERGOEDINGSVERSLAG

Hierdie Vergoedingsverslag is opgestel ten opsigte van die vorige finansiële jaar vir voorlegging aan aandeelhouers tydens die algemene jaarvergadering ooreenkomstig die vereistes van artikel 30B van die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig.

## 1 AGTERGRONDVERKLARING

Agribel Beherend Beperk is ’n publieke maatskappy en die houermaatskappy van Senwes Beperk.

Agribel het geen werknemers nie en geen uitvoerende direkteure nie. Alle direkteure dien as nie-uitvoerende direkteure, en die Maatskappysekretaris is die Maatskappy se enigste voorgeskrewe beampte.

Die vergoedingsreëlings vir die jaar was derhalwe beperk tot direkteursfooie, komiteegelde, spesiale-projekfooie, waar van toepassing, ’n jaarlikse vaste konsultasiefooi betaalbaar aan die Maatskappysekretaris vir dienste gelewer, en vergoeding van goedgekeurde uitgawes.

Agribel bedryf geen bonus-, aandeelgebaseerde, langtermyn-aansporings- of korttermyn-aansporingskema nie.

## 2 KOMITEE VERANTWOORDELIK VIR DIE OORWEGING VAN VERGOEDING

Agribel het nie ’n Vergoedingskomitee nie.

Die Ouditkomitee hersien vergoeding jaarliks en maak aanbevelings aan die direksie vir oorweging en, waar dit vereis word, vir voorlegging aan aandeelhouers.

## 3 VERGOEDINGSBELEID

Die Vergoedingsbeleid wat saam met hierdie dokument versprei is, vorm deel van hierdie Vergoedingsverslag vir doeleindes van artikel 30B.

Die beleid sit Agribel se vergoedingsbeginsels, bestuursreëlings, huidige vergoedingsstruktuur, vergoedingsbeginsels vir uitgawes, beëindigingsreëlings, en aandeelhoudersgoedkeurings- en hersieningsproses uiteen.

## 4 DIREKTEURS- EN VOORGESKREWE BEAMPTEVERGOEDING

Die volgende tabel toon die vergoeding wat aan direkteure en die Maatskappysekretaris vir die jaar geëindig 30 April 2026 uitbetaal is. Bedrae word in Suid-Afrikaanse Rand aangedui en sluit BTW (indien van toepassing) en terugbetaling vir werklike reis uitgawes uit.

| KATEGORIE | VERGOEDING 2025 - 2026 |
|---|---|
| **Voorsitter**<br>Mnr. Nico Liebenberg | R495,647 |
| **Ondervoorsitter**<br>Mnr. Jaco Minnaar | R291,446 |

| KATEGORIE | VERGOEDING 2025 - 2026 |
|---|---|
| **Ander Nie-Uitvoerende Direkteure** | |
| Mnr. Danie Minnaar | R202,394 |
| Mnr. Thabo van Zyl | R202,394 |
| Mnr. Hansie Viljoen | R202,394 |
| **Voorsitter van Ouditkomitee** | |
| Mnr. Jaco Minnaar | R29,816 |
| **Ander lede van Ouditkomitee** | |
| Mnr. Nico Liebenberg | R14,922 |
| Mnr. Danie Minnaar | R14,922 |
| **Voorsitter van Sosiale en Etiekkomitee**<br>Mnr. Alwyn Scholtz | Geen afsonderlike betaling bo en behalwe die jaarlikse konsultasiefooi is betaal nie. |
| **Ander lede van Sosiale en Etiekkomitee** | |
| Mnr. Thabo van Zyl | R7,460 |
| Mnr Hansie Viljoen | R7,460 |
| **Spesiale projekte** | Geen betalings in hierdie verband is gedurende die jaar gemaak nie |
| **Maatskappysekretaris** | |
| Mnr. AE Scholtz | R577,925 |

## 5 WERKNEMERVERGOEDINGSOPENBAARMAKINGS

Agribel het geen werknemers soos omskryf vir doeleindes van artikel 30B nie. Gevolglik was daar geen werknemer met die hoogste totale vergoeding, geen werknemer met die laagste totale vergoeding, en geen gemiddelde of mediaan werknemersvergoeding vir die jaar onder oorsig nie.

Aangesien daar geen werknemers is nie, is die vergoedingsgaping, wat die verhouding tussen die totale vergoeding van die top 5 (vyf) persent hoogste-betaalde werknemers en die onderste 5 (vyf) persent laagste-betaalde werknemers weerspieël, nie van toepassing nie.

## 6 AANDEELHOUERSGOEDKEURING EN GEVOLGE VAN NIE-GOEDKEURING

Hierdie Vergoedingsverslag word aan aandeelhouers voorgelê vir goedkeuring deur gewone besluit tydens die algemene jaarvergadering.

Indien die verslag nie goedgekeur word nie, moet die Ouditkomitee by die volgende algemene jaarvergadering verduidelik hoe aandeelhouers se bekommernisse in ag geneem is.